

# NOUPOORT: 'N OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE DORP EN DISTRIK

*Dr. J.J. Marais*

## VESTIGINGSGESKIEDENIS

Volgens 'n kleindogter van kommandant Tjaart van der Walt het daar vroeër trekpaaië in die omgewing van die teenswoordige Noupoort voorgekom. Eén so 'n uitspanning was by Bloubospoortjie waar reisigers en trekkers vanweë giftige plante baie van hul trekkere verloor het. 'n Ander uitspanning was by Caroluspoort waarvandaan die pad oor 'n deel van Lekkerplaas – Wildfontein na die huidige Kimberley gegaan het. In sy reisbeskrywing maak Dirk Gysbert van Reenen melding van 'n besoek in 1803 aan Caroluspoort wat toentertyd aan Johannes Petrus van der Walt behoort het.

In 1881 het die konstruksie van 'n spoorlyn van Port Elizabeth af op Carlton tot stilstand gekom in afwagting van 'n ooreenkoms tussen die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat in verband met die verlenging van die spoor tot oor die Oranjerivier. Tot neëntig ossewaens het destyds gelyktydig op Carlton en die aangrensende plaas Naauwpoort saamgetrek met vrag vir die binneland.

Die laagliggende gebied tussen die Kikvorsberge in die suide en Caroluspoort in die noorde was dig begroei met vrugtebome, matjiesgoed en fluitjiesriet, en perde- en beeswagters moes uiters versigtig wees vir leeus en luiperds. Die gebied waar die huidige nasionale pad suid van die dorp loop, was dig begroei met harpuijsbosse en vragte brandhout is daar gekap.

Met die verlenging van die spoorlyn na Colesberg gedurende 1883–84 het die Spoorwegadministrasie 'n stasie op 'n deel van die plaas Hartebeeshoek wat van Barend Kruger gekoop is, aangelê. Dit het die naam van die aanliggende plaas, Naauwpoort (tans Edendale), gekry. Hierdie naam is ontleen aan die smal deurgang of pas by Carlton. Met die proklamering van 'n eie landdrosdistrik in 1963 is die naam verander na Noupoort.

## DIE TWEDE VRYHEIDSOORLOG

Omdat Noupoort gedurende die Tweede Vryheidsoorlog van besondere strategiese belang was, is 'n groot Britse militêre kamp en hospitaal hier opgerig. Die kamp was geleë aan die oostekant van die huidige Piet Retiefstraat, terwyl 'n krygsgevangenekamp naby Van der Waltstraat ingerig is.

As gevolg van siekte moes kommandant Gideon Scheepers wat onderweg was na Graaff-Reinet, enkele dae in die militêre hospitaal vertoef. Ook generaal P.H. Kritzinger wat tydens sy derde inval in die Kaapkolonie op 16 Desember 1901 naby Dwaal gewond is, is in hierdie hospitaal opgeneem en behandel.

Een van die bakens uit die oorlogsperiode staan op Hospitaalheuwel digby die spoorwegaansluiting van Colesberg na De Aar. Dit is 'n historiese blokhuis met 'n klipreservoir as basis. 'n Ander verbintenis met die oorlog is die Spoorweë se ontspanningsaal wat ook as bioskoop gebruik word. Die sink is afkomstig van 'n gebou wat oorspronklik deur die Britse troepe in Indië gebruik is (vandaar die ronde struktuur) en hier deur die militêre owerheid as gimnasium ingerig is. Die saal is vernoem na gowerneur sir Walter Francis Hely-Hutchinson.

## EKONOMIE

### *Verkeer en vervoer*

Die eerste stasie op Noupoort is aangelê op 'n perseel tussen die huidige goedereloods en die veekrale. 'n Jaar nadat die stasie in gebruik geneem is, is die spoorlyn na De Aar verleng. Destyds was Noupoort 'n beheerstasie met 'n bestuurder van beheer, 'n ingenieur en 'n lokosuperintendent. 'n Man met die van Dicks was die eerste stasiemeester. Sedertdien het Noupoort as aansluitingspunt in belangrikheid toegeneem en omstreeks 1920 is 'n

*Dié historiese blokhuis met klipreservoir as basis, dagteken uit die Tweede Vryheidsoorlog.*

FOTO: MUNISIPALITEIT VAN NOUPOORT





nuwe stasiegebou opgerig. Vandag is dit een van die belangrikste spoorwegaansluitings in Suid-Afrika en nagenoeg 'n honderd goedere- en passasierstreine word hier per dag gehanteer.

*Noupoort is een van die belangrikste spoorwegaansluitings in die Republiek van Suid-Afrika.*

FOTO: MUNISIPALITEIT VAN NOUPOORT

### *Sake- en handelslewe*

Die gebroeders Shaw en mnr. Elsworth was onderskeidelik Noupoort se eerste algemene handelaars en hoteleienaar. Die Shaws het 'n winkel geopen in 'n gebou wat sedertdien vergroot is en agtereenvolgens aan Fryer, Wilmot en Van Aswegen behoort het. Die laaste eienaar was Keun en Kie. Elsworth se winkel het mettertyd na die volgende eienaars oorgegaan: Van Eck, Salklinker, Kaplan, Shainovsky, Van Rensburg en L.J. Botha.

Met die groeiende bevolking — wat in 1976 reeds 2 005 Blankes, 2 059 Kleurlinge en 3 175 Swartes getel het — het die sakelewe ook gaandeweg uitgebrei en tans is daar winkels, kafees, slaghuise, motorsake, 'n apteek, haarkapper-ondernemings, twee hotelle, 'n bank en twee prokureursfirmas. Die twee hotelle is gedurende 1901—02 gebou hoofsaaklik om die Britse magte se dors te les. Die eerste hotel, 'n sinkgeboutjie aan die westekant van die spoorlyn, is later gesloop en in die plek daarvan is die Brit African Hotel (Hotel Naauwpoort) deur mev. Elsworth geopen.

Die Hotel Imperial is deur die Shaw-broers opgerig en is later deur ene Smollen oorgeneem.

In 1900 is 'n tak van die Standard Bank op Noupoort in 'n sinkgebou geopen; dit is later na 'n woonhuis oorkant die Hotel Imperial verskuif. Die eerste amptenare was J.B. Leith (bestuurder), E.C. Mawley (kassier) en A. Vetch (klerk). Gedurende die vyftigerjare is die huidige gebou langs Piet Retiefstraat betrek.

### PLAASLIKE BESTUUR

Gepaard met die ontwikkeling op spoorweggebied het ander dorpsaangeleenthede geleidelik gegroei. In 1890 is die eerste spoorweghuis gebou en agt jaar later kon die "dorp" reeds met sowat 20 spoorweghuise (langs "De Laan" en Tennisstraat) en twee winkels spog. Die gedeelte van die plaas Hartebeeshoek waarop Noupoort aangelê is en die plaas Goede Hoop is destyds deur Piet Pienaar van Barend Kruger gekoop. Laasgenoemde het die grond in twee verdeel en in 1895 die oostelike gedeelte aan die Shaw-broers en die westelike deel aan J. Elsworth verkoop. Weerskante van die stasie is twee winkels opgerig om in die inwoners se behoeftes te voorsien.

Mnr. Hans Appel het in 1921 die Shaw-broers se deel van die plaas Hartebeeshoek gekoop en dit is weer later aan C.P.T. Hitchcock verkoop. J. Elsworth se deel van die plaas het in P.H. Oosthuizen se hande gekom. Hoewel daar reeds in Hans Appel se tyd private huise op hierdie eiendom opgerig is, het die nie-spoorweggedeelte van die dorp eers vinnig uitgebrei nadat die nuwe eienaars dit in erwe laat opsny het. In 1937 is 'n dorpsbestuur in die lewe groep wat vyf jaar later met 'n stadsraad vervang is. P.H. Oosthuizen wat hom in 1903 as prokureur hier gevestig het, is as eerste burgemeester gekies.

Aangesien die Suid-Afrikaanse Spoorweë nog verantwoordelik was vir die sanitasie, beligting en onderhoud van 'n gedeelte van die strate, was die verantwoordelikheid van die Dorpsbestuur minimaal. Die dorps huise wat nie oor eie windpompwater beskik het nie, is deur Hitchcock van water voorsien. In 1969 is oorgeskakel na EVKOM-krag.

## OWERHEIDSFASILITEITE

### *Poswese*

Die eerste poskantoor is by die stasie opgerig. Gedurende Februarie 1965 het die Poskantoor 'n nuwe gebou langs Piet Retiefstraat betrek.

### *Justisie*

Op 'n perseel langs die huidige Shawstraat is die eerste magistraatkantoor geopen. A. Oliviera en Mitchell was die eerste magistrate. Later is die kantoor na die westekant van die spoorlyn verskuif waar dit saam met die polisie in een gebou gehuisves is. Hierdie gebou was in 1900 'n losieshuis vir ongetroude spoorwegmanne en is later as skoolhostel en tydelike skoolgebou gebruik. As gevolg van akkommodasieprobleme en ongerief wat die publiek moes verduur, is verhoë tot die regering gerig vir 'n behoorlike landdroskantoor. Op 7 Oktober 1955 is die nuwe landdroskantoor amptelik deur die destydse minister van justisie (C.R. Swart) geopen.

### *Gesondheid*

Deur bemiddeling van eerwaarde Hill, Anglikaanse Spoorwegleraar, het die Spoorwegadministrasie 'n gebou vir agt tot tien pasiënte en huisvesting vir een verpleegster naby die Spoorweglokasie opgerig. Hierdie inrigting is beheer deur 'n plaaslike komitee en die instandhoudingskoste is verkry uit fondse wat eerwaarde Hill ingesamel het. Nadat hy na die Verenigde Koninkryk teruggekeer het, het die komitee die Dorpsbestuur genader om verantwoordelikheid vir die hospitaal oor te neem. Versoekskrifte is ook aan die Provinsiale Administrasie gestuur om te vra vir die oprigting van 'n algemene hospitaal op

Noupoort. 'n Nuwe hospitaal bekend as die Fritz Visser-hospitaal (ter ere van A.F.S. Visser wat £5 000 vir die oprigting van 'n hospitaal in sy boedel nagelaat het) is op 1 September 1955 amptelik deur die Kaaplandse administrateur, P.J. Olivier, geopen. Die bestaande privaat gesubsidieerde hospitaaltjie is deur die Dorpsbestuur oorgeneem vir die afsondering en behandeling van aansteeklike siektes onder Swartes.

## GODSDIENS

Die eerste kerkgebou was dié van die Wesleyaanse Kerk wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog opgerig is. Dié gebou is tans die eiendom van die Apostoliese Geloofsending. Gedurende die oorlog is met behulp van die Britse magte ook 'n Anglikaanse Kerk (All Souls Church) en 'n Presbiteriaanse Kerk opgerig.

Kerkdienste in Nederlands is aanvanklik gehou in die sinkgebou wat as militêre hospitaal gebruik is. Die perseel langs Shawstraat waarheen die militêre hospitaal verskuif is, is deur die Shaw-broers geskenk vir kerkgebruik. Godsdiensoefeninge is waargeneem deur die predikante van die Ned. Geref. gemeentes van Hanover, Middelburg, Steynsburg en Colesberg. Die wyk Noupoort het dan ook agtereenvolgens onder die bogenoemde gemeentes geresorteer.

Van Maart 1905 is ds. B.J. Pienaar deur die bemiddeling en met die goedkeuring van die Sinodale Kommissie hier gevestig. Met Noupoort as standplaas het hy sy werk onder die Spoorwegpersoneel in Kaapland, Betsjoeanaland en Suidwes-Afrika verrig. Die Ned. Geref. Kerk is in 1913 opgerig op 'n perseel wat J.F. Appel ge-

*Die binnekant van die sierlike Anglikaanse Kerkgebou wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog vir die Britse magte opgerig is.*

FOTO: MUNISIPALITEIT VAN NOUPOORT





skenk het, en die inwydingsdiens is deur dr. D.F. Malan waargeneem. Op 20 November 1944 is die wyk Noupoort as selfstandige Ned. Geref. gemeente afgestig en tien dae later is ds. D.M.C. Smit alhier bevestig.

Die eerste diens deur die Gereformeerde Kerk op Noupoort is waargeneem deur ds. Du Plessis van Colesberg. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is dienste deur ds. S. Postma van Middelburg gehou. Die Gereformeerde lidmate het aangegroei en gedurende 1937 is 'n eie kerk opgerig. In die kerk is 'n appelkooshoutstoel en 'n Statebybel wat aan J.P. van der Walt, eerste eienaar van Carolspoort, behoort het.

*Noupoort se Biblioteekgebou.*

FOTO: MUNISIPALITEIT VAN NOUPOORT



*Hoofstraat, Noupoort, soos dit vandag daar uitsien.*

FOTO: MUNISIPALITEIT VAN NOUPOORT

## OPVOEDING

Kort na die aanlê van die spoorlyn is die eerste skooltjie in gebruik geneem. In 'n sinkgeboutjie langs Piet Retiefstraat het dr. Baird tydelik as onderwyser opgetree; hy is opgevolg deur mej. M. Struthers. 'n Skoolgebou bestaande uit drie klaskamers is in 1896 opgerig. R.B. Smith was die eerste skoolhoof en die skool het só snel uitgebrei dat bykomende klaskamers in 1903 en weer in 1914 aangebou moes word. Die gebrek aan skoolruimte was chronies en selfs die polisiekantoor is by geleentheid as klaskamer ingerig. Die eerste gedeelte van die nuwe skoolgebou is gedurende 1928 voltooi, en twee jaar later kon die hele kompleks betrek word. 'n Voorbereidingskool vir leerlinge van Sub A tot Standaard 1 is in 1966 opgerig. ■

## BRONNE

- ALBERTYN, W. (red.). *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek 1976*. Pretoria, 1976.
- POTGIETER, D.J. (hoofred.). *Standard encyclopaedia of Southern Africa*. Kaapstad, 1973.
- Stadsklerk, Noupoort.
- TREDEAUX, A.F. *Historiese oorsig: Noupoort en distrik*. Afgerol: Mei 1971.
- VAN REENEN, D.G. *Die joernaal van Dirk Gysbert van Reenen 1803*. (reds. W. Blommaert en J.A. Wiid). Van Riebeeck-vereniging no. 18, Kaapstad, 1937.